Publication: Burger (Kaap Stedelik)
Date: 20 Apr 2016
Page: 1

Eerste Boeing land op St. Helena

Malherbe Nienaber

Kaapstad. – Die vliegtuig wat St. Helena se eerste gereelde passasiersvlugte gaan onderneem, het vir die eerste keer op dié eiland geland.

'n Boeing 737-800 het Maandagmiddag op St. Helena se nuutgeboude lughawe geland en is die eerste groot passasierstraler wat op die eiland byna 2 000 km wes van Angola land.

St. Helena is bekend as een van die wêreld se mees afgesonderde eilande, maar dit kan aanstaande maand verander wanneer die lughawe amptelik bekend gestel word.

Tot September 2015 het geen vliegtuie al daar geland nie en was dit slegs ter see bereikbaar.

Comair het verlede jaar bekend gemaak dat hy die lugroete van St. Helena na Johannesburg sal bedryf, wat 'n weeklikse vlug elke Saterdag sal behels.

Dié ooreenkoms duur drie jaar en kan verleng word.

'n Boeing van Comair pas nadat dit Maandag op die eiland St. Helena geland het. Foto: VERSKAF

Intussen het stralers vandeesmaand vir die eerste keer op die eiland geland om die lughawe se geriewe te toets en te help met voorbereidings voor dit in gebruik geneem word.

Die Boeing het ná 'n vlug van vyf uur geland met passasiers en onderdele vir die lughawe aan boord.

Toetsvlugte word tans gehou om die lugroete na te gaan en om bystand te lewer met opleiding om passasiers, vragte en lugverkeer te hanteer.

Die Boeing sou 'n paar vlugte afgelê het en vandag na Suid-Afrika terugvlieg.

Lugdienste na Johannesburg sal na verwagting van 21 Mei af beskikbaar wees wanneer die lughawe amptelik open.

Prins Edward, seun van koningin Elizabeth, sal op 20 Mei die eiland besoek en aanbly vir die bekendstelling van die lughawe. St. Helena val onder die koningin se heerskappy en is die tweede oudste oorsese grondgebied wat nog aan Brittanje behoort.

Vroeër vandeesmaand het 'n Bombardier Challenger 300-straler op die eiland geland en was dit die eerste keer dat 'n straler op St. Helena land, luidens 'n verklaring.

Die besluit om lugdienste op die eiland van sowat 5 000 inwoners toe te laat kom te midde van die handelskip RMS St. Helena wat die eiland bedien het en vanjaar uit diens geneem word.

This material has been copied under a DALRO licence and is not for resale or retransmission